

DOKUMENTASIE

BESLUIE VAN BYBELKUNDEKONGRES  
GEHOU AAN DIE RANDSE AFRIKAANSE UNIVERSITEIT  
VRYDAG, 16 APRIL 1982

- 1 Die Kongres onderskryf die volgende aanbevelings en beveel dit by sy lede vir oorweging aan:
  - 1.1 dat op voorgraadse vlak kennis van die grondtale nie as vereiste vir 'n Bybelkundeleerplan gestel word nie;
  - 1.2 dat grondtaalkennis op nagraadse vlak wel as vereiste behoort gestel te word.
- 2 Die Kongres beveel aan dat Tersiêre Onderwysinrigtings 'n situasie-analise met betrekking tot leerplanne doen en die inligting aan die Uitvoerende Komitee deurstuur.
- 3 Die Kongres gee opdrag aan die Uitvoerende Komitee om in die lig van die beginsels van kurrikulumontwerp 'n kernleerplan vir universiteite op te stel met inagneming van 'n moontlike vaste tydsvolgorde in aanbieding van die stof.
- 4 Die Kongres neem kennis van die waarskuwing dat sy lede verkieslik moet wegbly van die aanbieding van die dogmas wat skeiding bring tussen kerke.
- 5 Die Kongres dra dit aan die Uitvoerende Komitee op om indringend aandag te gee aan die Bybelkunde Skoolleerplanne met die doel:
  - 5.1 om leemtes in die bestaande skoolleerplanne te identifiseer waaroor die lede van die Vereniging saamstem;
  - 5.2 om ondersoek in te stel na die geskikste wyse waarop die leemtes onder die aandag van die Onderwysowerhede gebring kan word; en

- 5.3 om weë te ondersoek waarop die leemtes by 'n volgende sillabushersiening deur die Onderwysowerhede in oorweging geneem kan word.
- 6 Die Kongres versoek die verskillende Onderwysdepartemente om aandag te skenk aan die moontlikheid om Bybelkunde ook op st 6 en 7-vlak aan te bied.
- 7 Die Kongres besluit dat die resultate van die Randse Afrikaanse Universiteit se navorsing aan die Onderwysdepartemente voorgelê word met die versoek dat die aangeleentheid op breër vlak ondersoek word om ten opsigte van die skoolwese in die algemeen die aard, kwaliteit en onderrigmetodes van godsdiensonderrig te bepaal en om aanbevelings te doen vir die remediëring van die sorgwekkende toestand.
- 8 Die Kongres beveel aan dat godsdiensonderrig op skool sover moontlik slegs deur opgeleide Bybelkundeonderwysers aangebied word.
- 9 Die Kongres dring ten sterkste by Onderwysdepartemente en die Komitee van Onderwyshoofde aan dat Bybelkunde in meer vakpakkette as volwaardige keusevak vir Matrikulasievrystelling ingedeel word.